# St. Gertruida

## 16 November



(1256-1302)

Hierdie merkwaardige vrou, wat ook as Gertuida die Grote bekend staan, is op die ouderdom van 5-jaar deur haar ouers toevertrou aan die nonne van die Cisterciëncer-abdy van Helfta in die Duitse staat Sakse. Sover bekend het sy nooit weer die klooster verlaat nie. Sy was ’n hoogstaande mistikus wat ’n diep verhouding met haar Heiland gehad het. Die Here Jesus het in ’n reeks visioene aan haar verskyn. Op eenvoudige en openhartige wyse het sy oor haar roeping en die visioene wat sy ervaar het geskryf. Veral interessant was haar toewyding aan die Heilige Hart van Jesus, ’n devosie wat eers eeue later populêr sou word in die Katolieke Kerk. Haar geestelike geskrifte het ’n groot invloed op baie mense se lewens uitgeoefen.

© Die Oratorium Uitgewery